



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 23 Mei 2021

Pinksterfees

Skriflesing: Matteus 6:13 & Jakobus 1:12-18

Tema: Laat ons nie in die versoeking kom nie ...

Versoeking is 'n realiteit waaraan ons nie ontkom nie. Selfs die heiligste onder ons kom in versoeking. Ek wil amper sê: hoe heiliger jy leef, hoe hewiger word die versoeking. Hoe meer jy uit die genade leef, hoe meer word jy versoek om nie uit die genade te leef nie. Hoe ernstiger jy bid om die vergifnis van jou oortreding, hoe ernstiger moet jy bid om bewaring in die versoekings.



Só glo ons

Ek glo ...

Heidelbergse Kategismus

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.

Ons Program

Vandag Pinksterfees

- 📌 **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- 📌 **Kategese en Sondagskool**
- 📌 **Deuroffer**: Bedieningsmateriaal
- 📌 **Tee en verversings** – Ons bedank graag Wyk 2 vir die verversings.

Dinsdag

- 📌 **Kerkraadsvergadering – 25 Mei**
- 📌 **Sondag 30 Mei: Die-eenheidsondag**
- 📌 **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom



- 📌 **Kategese en Sondagskool**
- 📌 **Deuroffer**: Gemeentehulp
- 📌 **Tee en verversings** – Swartkoppies

Vleis- en Oesfees en Mini-basaar

Na baie oorweging het die Kerkraad besluit om die Mini Vleisfees en Basaar af te stel. Baie dankie vir elkeen se bydrae wat u gemaak het. Die 2 beeste en 6 skape wat ons ontvang het gaan ons verkoop en vra dat indien u bestandele of gebak op die lyste geplaas het, kan u vrywillig 'n betaling maak met die *verwysing Vrouediens*.

So ook vir die persone wat wild of ander produkte wou skenk, kan ook vrywillig 'n inbetaling doen met die *verwysing Vleisfees*. Dankie ook vir die graan wat ingelewer is op ons rekening. Nogmaals baie dankie vir u ondersteuning.

Danie Jacobs

(Die kerk se bankbesonderhede volg laaste in die Nuusblad)

Bybellees-program

Ons is tans besig met Jesaja. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net *NG Kerk Petrusburg*.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees. Mei

23 DJ Jacobs; Karen van der Berg

24 Du Toit van der Westhuizen; Anita Wagner


25 Stefan Bester

Veels Geluk

Voorbidding



- 'n Hele aantal inwoners en personeel van **Ons Woning** het tans Covid-19. Bid vir hulle en die ander inwoners en personeel asb.
- Maryna Jordaan se pa is vandeeweek oorlede.
- Marius Stander se herstel-operasie is hierdie week gedoen.




Vrouebediening Kwartaal 2

Maria Groep (Wyke 3 & Leeukuil)

Sameroeper: Amanda van der Westhuizen
25 Mei Kerkraadsvergadering – Verversings
6 Jun Nagmaal – Blomme & Nuusbrief
20 Jun Vadersdag
9 Jul Skole Sluit

Covid-19 - hoe raak dit jou?



Ons is nou amptelik in die derde vlag van Covid hier in die Vrystaat, en in die Noord-Kaap gaan dit nog erger.

Al die kenners waarsku dat ons nie dié virus moet onderskat nie. Dit is wat in Indië gebeur het, met katastrofiese gevolge ... Dr Cloete van Vuuren het gesê hy raai die mense van die Vrystaat en Noord-Kaap aan om op te tree asof ons reeds strenger inperkings het.

Talle kenners raai ons ook aan om asseblief die entstof te neem.

Ek verstaan die frustrasie omdat ek nie tans gewone huisbesoek doen nie. Dit is inderdaad vir my ook sleg. Die sinode raai egter predikante af om nou gewone huisbesoek te doen.

Ek hoop om met my gewone huisbesoek (met aanpassings) voort te gaan sodra ek teen die virus ingeënt is.

Na aanleiding van die hernude beroep van sinodale kant dat ons baie versigtig moet wees en deur ons optrede nie die pandemie moet versprei nie, herhaal ek die reëling wat die kerkraad vroeër getref het:

Enige lidmaat wat met my wil praat, is natuurlik altyd welkom om my telefonies te skakel.

Ek is beskikbaar vir 'n aangesig-tot-aangesig gesprek indien jy so verlang. Maak asseblief met my 'n afspraak, dan ontmoet ons mekaar in die kerk waar daar genoeg spasie is dat ons mekaar met veiligheid kan sien. Of ons tref 'n ander reëling wat vir jou kan werk.

Dra asb te alle tye jou masker in die openbaar en in die erediens. Dit is lastig, maar dit is die wet. So beskerm ons mekaar teen die siekte. Hoe het Paulus nou weer in Romeine 13:8 gesê? "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit."

Mag die Here ons bewaar in dié tyd. Jaco Thom

Dankbaarheidsjoernaal

Liewe medegelowiges van Petrusburg NG Kerk
Vandag wil ek met julle my groot dankbaarheid teenoor Ons Vader deel wat uitkoms vir my in 'n baie moeilike situasie gegee het. Met die COVID-19 inperkings en a.g.v. die pandemie, moes ek my klasse staak en het ek vir 9 maande op my spaargeld geleef en dit sien krimp maand na maand en uiteindelik opraak. Ek het dringend werk gesoek, 'n paar onderhoude en opvolgonderhoude gekry, maar as dit by aanstelling kom, dan moes ek hoor dat ek "te oud is." Intussen het my situasie krisismetings aangeneem, en ek was desperaat.

Ek het wonderlike vriende gehad wat volhardend saam met my gebid het vir uitkoms en saam het ons gehoop en gewag ... En toe, op Sy tyd, het die Here uitkoms gegee. Ek het 'n wonderlike geleentheid gekry en monitor nou kliniese navorsing by navorsingsorganisasies. Wat ek hieruit geleer het:

- i) die Here se tyd is nie ons s'n nie,
- ii) Hy voorsien wonderbaarlik uitkoms as ons in die donkerste oomblik is,
- iii) Hy voorsien volkome, ver bo ons verwagtings. Loof dus saam met my Sy Grootheid en Voorsienigheid wat bemoeienis maak met ons in ons alledaagse lewens ...

My dankbaarheid dring my om oor Sy goedheid en sorg te praat en ek nooi almal om ook oor Sy sorg in julle lewens te praat. Kom ons jubel in ons Here en verdryf met ons dankbaarheid die slegte en donker tydings wat ons soms wil oorweldig. Kom ons begin 'n weeklikse dankbaarheidsjoernaal waarin ons Hom loof en eer. Almal is welkom om deel te neem. Stuur jou bydrae anoniem, of onder jou naam na my en ons deel dit in die afkondigings op Sondag.

Kom ons juig in dankbaarheid voor Hom!

Groete, Daleen Krige.

genade
dankbaar
geseën

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		